



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## NOVEMBER 2012

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 26 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

1. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen. Neem die voorskrifte by elke vraag in ag.

2. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Prosa (25)
   AFDELING C: Drama (25)

3. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.

4. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: ongeveer 40 minute
   AFDELING B: ongeveer 55 minute
   AFDELING C: ongeveer 55 minute

5. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Beantwoord ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

8. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.


| **AFDELING A: GEDIGTE**<br>**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.** | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** | **BLADSY** |
| 1. Safari | Opstelvraag | 10 | 5 |
| **OF** | | | |
| 2. Die skedel lag al huil die gesig | Kontekstuele vraag | 10 | 6 |
| **OF** | | | |
| 3. Vroegherfs | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| **OF** | | | |
| 4. “last grave at dimbaza” | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| **EN**<br>**Ongesiene gedig: Beantwoord EEN vraag.** | | | |
| 5. Die wêreld het so klein geword | Opstelvraag | 10 | 10 |
| **OF** | | | |
| 6. Die wêreld het so klein geword | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |
| **AFDELING B: ROMAN**<br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 12 |
| **OF** | | | |
| 8. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 12 |
| | | | |
| 9. *Manaka – Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 15 |
| **OF** | | | |
| 10. *Manaka – Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 15 |
| | | | |
| 11. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 18 |
| **OF** | | | |
| 12. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 18 |
| **AFDELING C: DRAMA**<br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 13. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 21 |
| **OF** | | | |
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 21 |
| | | | |
| 15. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 23 |
| **OF** | | | |
| 16. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 24 |


*** LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG onderskeidelik uit AFDELING B en AFDELING C.**

**KONTROLELYS**

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAGNOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte (Ongesiene gedig) | 5–6 | 1 | |
| B: Roman (Opstel- of kontekstuele vraag) | 7–12 | 1 | |
| C: Drama (Opstel- of kontekstuele vraag) | 13–16 | 1 | |
| **LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG onderskeidelik uit AFDELING B en AFDELING C.** | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Safari – DJ Opperman**

Niks
staan
stil –
alles
kry
voete,
beweeg
in
lang
stoete:
grassteeltjies,
kosyne,
stede
en
treine;
oor
Saharas
en
savannes
die
optog
van
alle
paaie
oor
die
wêreldrond
na
die
gaatjie
in
die
grond
o

[Uit: *Kuns-mis*, 1964]

Die gedig *Safari* is ’n gedig waar die tipografie ’n belangrike rol speel. Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 250–300 woorde. Verwys in jou antwoord na die volgende:

- Die soort gedig (1 feit)
- Die tema van dié gedig en hoe die titel by die tema aansluit (2 feite)
- Hoe die tipografie die tema van die gedig ondersteun (3 gemotiveerde feite)
- Jou mening oor die geslaagdheid van dié tipografie van die gedig (1 gemotiveerde feit) **[10]**

**OF**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Die skedel lag al huil die gesig – Wilma Stockenström**

Eendag sal ek, weet ek, die dood
met laggende skedel trotseer. Minstens
my sin vir humor sal ek behou. Maar
of ek soos oorlee mevrou Ples en soos
die bloubok van my geboorteland
ook ’n glaskas in ’n museum sal haal?
’n Seldsame dier is die mens nou nie juis.

Tog, hoe slim tog is ons met ons
innerlike uurwerkvernuf, hoe sterk
die groot swaaiende hyskraangebare
waarmee ons wolkekrabbers reghoekig
neerplak in woon- en sakekomplekse.
Merkwaardig ons grabbelende navorsing
dwarsdeur dolomiet om ons arms diep
soos skagte te sink en die grys erts
te gryp en op te trek, te vergruis en te
veredel tot staaf op staaf korfagtig
gepakte kluise van belegging. A ja,
wonderbaarlik ons vermoë om weggooisand
tot vuurstof te verryk wat as ons wou
alles onherhaalbaar in allerlaaste oplaaiing
woes skoon kan laat ontbrand.

Ek sê mos die skedel lag
al huil en huil die gesig.

[Uit: *Van vergetelheid en van glans*, 1976]

2.1 Haal die woord uit die titel aan wat die twee kante van die ironie skei. (1)

2.2 Lees weer strofe 1.

Noem TWEE sieninge wat die spreker met betrekking tot die mens huldig. (2)

2.3 Hoe word die sekerheid van die skedel se einde in versreël 1–2 uitgehef? (1)

2.4 Waarna verwys *uurwerkvernuf* (versreël 9)? (1)

2.5 Watter effek bereik die digter met die vooropplasing/voorplasing van *neerplak* (versreël 12)? (1)

2.6 Wat is die funksie van die d-alliterasie in versreël 14? (1)

2.7 Watter gevolg hou die mens se intellektuele vermoë volgens versreël 19–22 vir homself in? (1)

2.8 Stem jy saam met die insig waartoe die spreker in versreël 23–24 kom? Motiveer jou antwoord. (2)
**[10]**

**OF**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Vroegherfs – NP van Wyk Louw**

Die jaar word ryp in goue akkerblare,
in wingerd wat verbruin, en witter lug
wat daglank van die nuwe wind en klare
son deurspoel word; elke blom word vrug,
tot selfs die traagstes; en die eerste blare val
so stilweg in die rook-vaal bos en laan,
dat die takke van die lang populiere al
teen elke ligte môre witter staan.
O Heer, laat hierdie dae heilig word:
laat alles val wat pronk en sieraad was
of enkel jeug, en vér was van die pyn;
laat ryp word, Heer, laat U wind waai, laat stort
my waan, tot al die hoogheid eindelik vas
en nakend uit my teerder jeug verskyn.

[Uit: *Die halwe kring*, 1937]

3.1 Haal 'n frase uit versreël 1–4 aan wat aansluit by die verwagting wat die titel skep. (1)

3.2 Wat wil die spreker vir ons sê met die woorde *elke blom word vrug* (versreël 4) en hoe sluit dit by die tema aan? (2)

3.3 Skryf een woord uit versreël 5–8 neer wat op stadig/onwillig dui. (1)

3.4 Haal 'n frase uit die oktaaf aan wat by die stropingsproses van die natuur aansluit. (1)

3.5 Waarom is die gebruik van die dubbelpunt in versreël 9 funksioneel? (1)

3.6 In versreël 12–13 kom ’n metafoor voor. Verduidelik die funksie daarvan. (1)

3.7 Wat word versreël 9–14 in ’n sonnet genoem? (1)

3.8 Motiveer of die oktaaf (versreël 1–8) effektief in versreël 9–14 toegepas word. (2)
**[10]**

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**“last grave at dimbaza” – Fanie Olivier**

beauty douglas was born
op ’n wintersnag so all forlorn
omring deur die sterre se liggies
en koerante kaal klip
en nuuskierige hande
en tien ander gesiggies
a ’n dogter oplaas ’n dogter
om beeste te kry om die wêreld
te wei a dis lekker
om ’n vader te is te is

die ma het ’n briefie geskryf
aan haar man op die myne
om te sê van die kind en te vra van die geld
want dit was sy kind die dogter
was syne om te sê: o my man
o my man ek het beeste gebaar
op ’n wintersnag so all forlorn
met die sterre soos goud en die mielies klaar
beauty douglas your daughter was born

sy hart het oopgeskiet tussen lae klip
opgeskiet boontoe en oopgevou
in ’n laatnagbrief: my vrou
my vrou sê aan beauty douglas
haar pa het haar lief.

hy’t sy brief gepos met sy viersentseël
’n lugposbrief aan beauty douglas
om te sê hy’t haar lief
die adres was mnxesha

oor kingwilliamstown kaap

saans as hy sy moegheid streel
het hy gedroom van sy meisiekind
en op 'n sonskynmiddag twee maande later
het 'n brief uit mnxesha hom teruggevind:

"beauty douglas was born
she died"

[Uit: *skimmellig*, 1978]

4.1 Hoekom word aanhalingstekens by die titel gebruik? (1)

4.2 Bewys uit die gedig dat beauty douglas in primitiewe omstandighede gebore is. (1)

4.3 Benoem die beeldspraak wat in versreël 6 aangetref word. (1)

4.4 Waarom is die verwysing na beeste belangrik vir die kulturele agtergrond van beauty se ma? (1)

4.5 Noem TWEE van die sake wat die ma in die brief aan haar man noem. (2)

4.6 Waarom is die gebruik van die frase *oopgeskiet tussen lae klip* (versreël 20), om die pa se vreugde te beskryf, funksioneel? (1)

4.7 Haal die kontras aan wat in versreël 30–35 voorkom. (1)

4.8 Lewer krities kommentaar oor die gebruik van Engels in hierdie gedig. (2)
**[10]**

**EN**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

Beantwoord VRAAG 5 OF VRAAG 6.

**VRAAG 5: OPSTELVRAAG**

**Die wêreld het so klein geword – Alta Marincowitz**

Toe my ouma ’n kind was, speel hulle op die wye vlakte,
deel granate in die boord,
lees boeke in hulle soeke na kennis
en klets met maats as die foun twee kortes en drie langes lui.

As kind bly my ma op ’n ruim erf
met ’n grasperk en twee bome,
sit sy vasgenael voor die kassie –
vol drome om eendag oor die wye wêreld te swerf.
Sy ken mense wat al oorsee was!
Haar niggies in die stad gaan naweke fliek
en voor matriek sien sy hoe die eerste selfone lyk.

Ek klik met ’n muis die wêreld tot in my huis,
die web is my werf en Gumtree my boom.
Ek is deel van ’n boek waar mense hul gesigte
gedeeltelik ontsluier en klankloos klets en kuier.
Ek kan kennis onmiddellik op aanvraag verkry
en met ’n ieder en elk in verbinding bly.
Die moontlikhede is duiselingwek-
kend GROOT en die wêreld het so
klein geword dit pas in die
twaalf vierkante
meter van my
kamer
in.

[Uit: *Toulopers, verse vir tieners*, 2011]

Die kontras tussen die voordele en nadele van tegnologiese ontwikkeling kom in hierdie gedig sterk na vore.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 250–300 woorde deur na die volgende te verwys:

- Die woordkeuse wat tegnologiese vooruitgang aandui (progressie) (3 feite)
- Die redes wat die agteruitgang in interaktiewe kommunikasie (regressie) aandui (2 gemotiveerde feite)
- Die bydrae wat die strofebou of versreëls ten opsigte van dié kontras tussen die voordele en nadele van tegnologiese ontwikkeling lewer (1 gemotiveerde feit)
- Jou mening oor die invloed van tegnologie op interaktiewe kommunikasie (1 gemotiveerde feit) **[10]**

**OF**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

**Die wêreld het so klein geword – Alta Marincowitz**

Toe my ouma ’n kind was, speel hulle op die wye vlakte,
deel granate in die boord,
lees boeke in hulle soeke na kennis
en klets met maats as die foun twee kortes en drie langes lui.

As kind bly my ma op ’n ruim erf
met ’n grasperk en twee bome,
sit sy vasgenael voor die kassie –
vol drome om eendag oor die wye wêreld te swerf.
Sy ken mense wat al oorsee was!
Haar niggies in die stad gaan naweke fliek
en voor matriek sien sy hoe die eerste selfone lyk.

Ek klik met ’n muis die wêreld tot in my huis,
die web is my werf en Gumtree my boom.
Ek is deel van ’n boek waar mense hul gesigte
gedeeltelik ontsluier en klankloos klets en kuier.
Ek kan kennis onmiddellik op aanvraag verkry
en met ’n ieder en elk in verbinding bly.
Die moontlikhede is duiselingwek-
kend GROOT en die wêreld het so
klein geword dit pas in die
twaalf vierkante
meter van my
kamer
in.

[Uit: *Toulopers, verse vir tieners*, 2011]

6.1 Hoekom is hierdie gedig ’n vrye vers? (1)

6.2 Hoe word die kontras tussen die *wye vlakte* (versreël 1) en die *ruim erf* (versreël 5) tipografies uitgehef? (1)

6.3 Bewys uit strofe 1 dat die ouma nie ’n moderne telefoon gehad het nie. (1)

6.4 Haal ’n versreël aan wat aandui dat televisie mense geboei het. (1)

6.5 Watter emosie dui die uitroepteken in versreël 9 aan? (1)

6.6 Skryf die betekenis van versreël 12 in jou EIE woorde. (1)

6.7 Wat beteken die oksimoron in versreël 15? (1)

6.8 Hoe dra die hooflettergebruik in versreël 19 by tot die tema van die gedig? (1)

6.9 Op watter wyse kontrasteer die strofebou met die titel? (1)

6.10 Motiveer hoekom jy met die spreker se gevolgtrekking saamstem. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou

**EN**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag oor die letterkundeteks wat julle in die klas behandel het.

### VRAAG 7: OPSTELVRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE*** **– Eleanor Baker**

Die sentrale tema van die roman, *Die kwart-voor-sewe-lelie*, word deur die volgende aanhaling saamgevat*:*

"Die volgende oggend was die fyn wit blom verlep, maar daar was nog heelparty knoppe aan die stingel."

Bespreek hierdie tema in 'n opstel van 400–450 woorde. Gee in jou opstel aandag aan:

- Die tema van die roman na aanleiding van die aanhaling (1 feit)
- Hoe die optrede van Iris, Peter en Billy dié tema ondersteun (5 feite)
- Hoe hierdie tema Iris se lewe beïnvloed het (oorsake en/of gevolge) (6 gemotiveerde feite)
- Die aktualiteit van dié tema en jou redes daarvoor (2 gemotiveerde feite)
- Hoe jy dié tema sou hanteer het indien jy Iris was (1 gemotiveerde feit) **[25]**

**OF**

### VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE*** **– Eleanor Baker**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

"Elsa lyk grotesk," het Kara vir my gesê toe ek een aand by haar en haar woonstelmaat gaan eet het ...

"Glad nie soos 'n Madonna nie." ...

"Kuns is interpretatief," het haar woonstelmaat haar herinner. "En subjektief. Dit hang alles af van hoe die kunstenaar voel oor sy onderwerp. Jy vind swangerskap grotesk en sal dit dus anders weergee."

"Jy's reg," het Kara gesê. "As iemand my vra om Elsa te teken, sal ek 'n groot sirkel trek met 'n klein koppie boaan en twee stokarmpies en -beentjies. Dis al wat 'n mens sien: maag."

"Wil jy nie eendag kinders hê nie?" het ek gevra.

"Nee."

"En gestel jou man wil?"

"Dan kry ons 'n surrogaatmoeder om die drawerk te doen.

Kopiereg voorbehou

| |
|---|
| Maklik. Ek is nie ’n broeikas nie. My lyf behoort aan my.” ... |

| |
|---|
| Op pad terug huis toe in Pa se kar het ek weer aan Elsa gedink en so is ’n nuwe storie gebore. Die oues, met Richard in die hoofrol, was uitgewas en prikkelloos.<br>Met die eerste oogopslag het swangerskap my nie eintlik getref as iets romanties nie, maar ek het darem geglo dat ’n mens niks durf verwerp tot jy dit nie self probeer het nie. |

8.1 Hoekom is dit ironies dat juis Elsa swanger is? (1)

8.2 Hoe sluit die motto “*Angels can fly because they take themselves lightly*” by die beskrywing van Elsa se swangerskap aan? (1)

8.3 Watter fantasiekarakter skep Iris na die ete in Kara se woonstel? (1)

8.4 Hoe ontsnap Kara aan die werklikheid? (1)

8.5 Sou ’n sagter/vriendeliker beskrywing van Elsa deur Kara by Kara se karakter pas? Motiveer jou antwoord. (2)

8.6 Verduidelik met TWEE feite waarom die volgende stelling vir jou geloofwaardig OF ongeloofwaardig is:

Die reaksie van Kara se familie tydens die aankondiging van haar en Claude se verhouding is vreemd in die era/tydvak waarin die verhaal afspeel. (3)

8.7 Iris bedank die modelkontrak.

Watter woorde in reël 17–22 wys dat haar woorde en haar dade nie ooreenstem nie? (1)

8.8 Hoe verskil die stemming wat hier heers van die stemming wanneer die koms van ’n baba normaalweg aangekondig word? (2)

**EN**

**TEKS 2**

| |
|---|
| ... “Wat doen u daarmee?” het ek gevra.<br>“Ek soek nuwes. Elke dag bestaan die kans dat ek ’n unieke een kan ...” Hy het vir die kelnerin gewink om nog koffie te bring en sy sakke op die tafelblad begin leegmaak. ...<br><br>“Waar kry u dit?” het ek gevra.<br>“Asblikke, meesal. Ek stap agter die woonstelblokke verby en kyk deur die asblikke.”<br>“Is dit nie grieselig nie?”<br>Hy het opreg verbaas gelyk en selfs effe gekrenk. “Hoe bedoel u nou?”<br>“Wel, behalwe vuurhoutjiedosies is daar mos ’n vreeslike |

gemors in so 'n blik." ...

"Ek is nie vol fiemies nie."

"O," het ek gesê. "Net so wel."

"Ek maak dit skoon," het hy gesê en stukkies verrotte koolblaar van een afgetrek. "Dan pars ek dit en kyk waar dit inpas tussen die res."

"Dit hou u seker besig," het ek beleef erken. ...

"O ja. Dis 'n lewenstaak, kan jy sê."

"Maar waarvan leef u?"

Sy gesig het verstrak, die hemelse vervoering terwyl hy sy stokperdjie bespreek het, weg. "Welsyn," het hy kortaf gesê. ...

"Ek moet nou gaan," het ek gesê en die rekening nader getrek.

"Asseblief, laat my toe om vir u te betaal." Hy het sy hand ook uitgehou na die strokie papier.

Ek het dit weggeruk. "Nee! Dis buite die kwessie. Ek behoort eerder vir u te betaal."

8.9 Watter voordeel hou dit in dat Iris die verteller is? (1)

8.10 Waar vind die gesprek tussen Iris en die vuurhoutjieman plaas? (1)

8.11 Hoekom kan die woorde *en kyk waar dit inpas tussen die res* (reël 16–17) ook op Iris se verhouding met haar susters dui? (1)

8.12 Iris en die vuurhoutjieman se optrede en handeling verskil baie.

Noem TWEE voorbeelde uit die teks wat hierdie verskil aandui. (2)

8.13 Iris voel uitgebuit nadat sy die rekening moes betaal.

Met watter betekenis van haar naam skakel hierdie gevoel? Identifiseer TWEE ander karakters teenoor wie sy so gevoel het. (3)

8.14 Wat was die Engel se aandeel aan Iris en die vuurhoutjieman se ontmoeting? (1)

8.15 Verduidelik die rol wat die besoek aan Amerika in Iris se ontwikkeling van onseker dogter tot volwasse vrou speel. (1)

8.16 Tydens haar besoek aan New York wonder Iris of sy die modelkontrak moet aanvaar.

Watter tipe konflik ervaar Iris? (1)

8.17 Aan die einde van die roman kom Iris tot insig.

Haal 'n sin uit die uittreksel aan om hierdie stelling te bevestig. (1)

8.18 Hoe ondersteun die titel van die roman die tema? (1)
**[25]**

**OF**

## VRAAG 9: OPSTELVRAAG

***MANAKA – PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Die sentrale tema van die roman, *Manaka – Plek van die Horings,* word deur die volgende aanhaling saamgevat*:*

“Hy droom van sy ma. Sy kom op kaal voete na hom toe aan, die kettinkie waaraan die kruisie hang, is in haar hande. Sy probeer dit oor sy kop kry.”

Bespreek hierdie tema in ’n opstel van 400–450 woorde. Gee in jou opstel aandag aan:

- Die tema van die roman na aanleiding van die aanhaling (1 feit)
- Hoe die optrede van Grace, Nanna en Ouma Essie in die roman dié tema ondersteun (5 feite)
- Hoe hierdie tema Baas se lewe op Manaka beïnvloed het (oorsake en/of gevolge) (6 gemotiveerde feite)
- Die aktualiteit van dié tema en jou redes daarvoor (2 gemotiveerde feite)
- Hoe jy dié tema sou hanteer het indien jy Baas was (1 gemotiveerde feit) **[25]**

**OF**

## VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

***MANAKA – PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

Die een na die ander primitiewe aanwysing dat hier ook mense woon wat van geweet wil wees, kruip by Baas verby – ’n stuk ou nommerplaat aan ’n boom vasgespyker, ’n wieldop met ’n “Stop!”-teken, ’n verroeste modderskerm met ’n skewekam hoenderhaan daarop geteken, ’n “No Parking”- en ’n “No dogs allowed”-bordjie wat kennelik by die een of ander hospitaal verdwyn het, ’n verflenterde motorband met ’n onleesbare naam in wit verf.

Die gehuggies word minder; die troppies beeste en bokke onwilliger om die pad te ontruim; die kinders wat uit die graanlandjies nader storm wanneer hulle ’n voertuig hoor, nuuskieriger; die tweespoorpad slegter; die basterbrakke, wat lyk of hulle iewers in die verre verlede ’n dosis Ierse terriër-bloed ingekry het, al meer. ...

Laatmiddag kry Baas die bougainvilleabos waarvan Mark gepraat het, veertig kilometer van Sioma af teen die hang van die ysterkliprant. Dis ’n dik stomp. Daar is geen teken van lewe in die uitgedroogde takke nie. Langs die verwronge stam hang ’n stuk sinkplaat met die woorde

Kopiereg voorbehou 

*Manaka Evangelical Mission* netjies daarop geverf.

10.1 Waarom kan die *No Parking*-teken as ironies gesien word (reël 6)? (1)

10.2 Baas bring Lady en Brindle saam Manaka toe.

Haal ’n frase uit Teks 1 aan wat bewys dat Baas hom nie aan sommige van Manaka se reëls steur nie. (1)

10.3 Hoe sluit die verwysing na *Ierse terriër-bloed* (reël 15) direk by die tydsverloop in die roman aan? (1)

10.4 Na wie is Lady en Brindle vernoem? (2)

10.5 Waarom kan die situasie op Manaka vergelyk word met die lewelose bougainvilleastomp? (2)

10.6 Dink jy daar is 'n ooreenkoms tussen die herkoms van die bougainvillea en Dennis Chipman, die oupagrootjie? Motiveer jou antwoord. (2)

10.7 Watter karaktereienskap van Baas kom na vore as hy die bougainvillea later natgooi? (1)

10.8 Skryf die tema van die roman neer en verduidelik hoe die natgooi van die bougainvilleastomp deur Baas by dié tema aansluit. (3)

10.9 Lees weer reël 19–21.

Hoe bevestig Baas sý eienaarskap van Manaka? (1)

10.10 Hoe het die verval van die geboue later konflik veroorsaak? (1)

**EN**

**TEKS 2**

“Dit is waar meneer Chisupo was toe die honde hom gekry het.” Grace hou Baas aan sy arm vas.

“Die waterval!”

Hulle hardloop na die Land Rover toe.

“Die water is vinnig,” sê Grace. “Dit moet vroeg gisteraand al gebeur het, toe ons by die brand was.”

Meneer Johnnie kom in die oggendmistigheid haastig van die kerk af aan. “Lo fire! Lo fire!” skreeu hy en swaai sy arms om die Land Rover voor te keer.

Baas hou stil. Meneer Johnnie spring agterop.

“Stop!” skreeu hy en hamer op die dak toe Baas verby die smeulende balke jaag. “Lo fire! Ka lo kereke ka mina!” Dit is by my kerk waar die brand is.

Grace beduie vir hom deur die agtervenster dat die

boot weggespoel het. “Miskien het dit tussen die riete ingespoel,” sê sy vir Baas.

Baas se lyf swenk en draai saam met sy hande op die stuurwiel tussen die gate en die klippe in die pad deur. “Daar is ook baie inhamme,” sê hy. “Dis veertig kilometer ...”

“Die water is vinnig,” sê sy weer.

By Sioma draai hulle weg na die Ngonyewaterval toe. Hulle klim oor die swart klipkoppe en tussen rotsvybome se knoetswortels en geel stamme deur na die wit wasemwolke wat hoog bo die rante uitstyg. Die waterval dreun hulle stemme dood.

10.11 Haal uit reël 7–13 die woorde aan wat op meneer Johnnie se kulturele andersheid dui. (1)

10.12 Meneer Johnnie word die slagoffer van sy kulturele tradisies as hy nie die lobola kan betaal nie.

Watter gevolg hou dit vir hom in? (1)

10.13 Na watter boot word in reël 15 verwys? (1)

10.14 Hoekom is die konflik wat Baas ervaar nadat sy boot weggespoel het, geloofwaardig? (1)

10.15 Waar het Baas uiteindelik die boot gekry? (1)

10.16 Watter leidende rol het Grace in Baas se aanvaarding op Manaka gespeel? (3)

10.17 Hoekom het meneer Chisupo in die vuur gespring? (1)

10.18 Watter voordeel hou dit in dat hier ’n derdepersoonsverteller aan die woord is? (1)

**[25]**

**OF**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 11: OPSTELVRAAG

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Die sentrale tema van die roman *Vatmaar* word deur die volgende aanhaling saamgevat*:*

"Sy liefde vir Ma Koelie het nooit oud geword nie en Vatmaar het dit geweet."

Bespreek hierdie tema in 'n opstel van 400–450 woorde. Gee in jou opstel aandag aan:

- Die tema van die roman na aanleiding van die aanhaling (1 feit)
- Hoe die optrede van Kenneth Kleinhans in die roman dié tema ondersteun (5 feite)
- Hoe hierdie tema die Septembers, Miesies Wingrove en Oom Chai beïnvloed het (oorsake en/of gevolge) (6 gemotiveerde feite)
- Die aktualiteit van dié tema en jou redes daarvoor (2 gemotiveerde feite)
- Hoe jy dié tema sou hanteer het indien jy Tant Wonnie was (1 gemotiveerde feit) **[25]**

**OF**

## VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

Jy het buite gespeel, my kind. Kaaitjie het sit en luister. Toe het sy vir Oom Normy 'n koppie tee gegee. Sy het daarvan gehou om vir hom tee te maak, partymaal tot drie, vier koppies toe.

Die mense van Vatmaar het my gereeld gevra: Het daai jong man jou nog nie gevra om te trou nie? Ek het altyd gedink ek hou van hom, maar ek het nie 'n man nodig nie.

Oom Norman het 'n paar keer gesê hy is op een maand verlof, en daarna sal hy 'n nuwe lewe begin. Ek het altyd gewonder wat hy bedoel. Toe, op 'n baie koue Vrydagmiddag, het hy skierlik oral rondgesoek na 'n tentpen. Ek weet nie waar hy uiteindelik een gekry het nie, maar hy het vir ons die tentpen kom wys. Hy was baie gelukkig, net asof hy iets wat kosbaar was, gekry het. Dit het begin donker word en ek het vir hom gesê: Hoekom wil jy vanaand Pan toe loop? Jy kan mos hier slaap vannag.

Hy het net gelag dat sy maag op en af gaan. Voor hy weg is, het Kaaitjie hom nog tee gegee.

12.1 Watter voordeel hou dit in dat Tant Wonnie hier die verteller is? (1)

12.2 Hoe dui die titel van die roman daarop dat Tant Wonnie se insig ten opsigte van God volkome is? Motiveer jou antwoord. (2)

12.3 Gee die ironie wat voorkom in die woorde *Het daai jong man jou nog nie gevra om te trou nie?* (reël 4–5) en verduidelik hoe dié ironie vir Tant Wonnie en Kaaitjie geld. (3)

12.4 In reël 5–6 sê Tant Wonnie dat sy gedink het sy hou van Norman, maar sy het nie ’n man nodig nie.

Haar woorde en optrede weerspreek egter hierdie uitspraak. Gee ’n voorbeeld hiervan. (1)

12.5 Hoe skakel die woorde *... sal hy ’n nuwe lewe begin* (reël 8) met die tentpen? (1)

12.6 *Maar in daardie tentpen lê daar ook ’n deel van Kaaitjie Muller.*

Watter afleiding kan ons uit hierdie woorde maak? (1)

12.7 Watter tema verteenwoordig Norman? Gee ’n voorbeeld wat jou antwoord staaf. (2)

**EN**

**TEKS 2**

Toe hulle aanklop, maak ’n bediende die deur oop.

Is die Motta hier? vra Mevrou Bosman.

Kô in, sit, sê die bediende.

Sê die Mêram ek kô, roep Motta Fatima agter uit die huis uit.

Hier is sy en hier is die twee pond vir die haak, Motta, sê die witvrou toe sy eindelik opdaag, en sy glimlag en tik die ouer vrou op die skouer en sê: Jy ken mos jou werk.

Die Motta knik. Moenie worry nie.

Dan sê ek totsiens.

Mevrou Bosman het die deur oopgemaak en vertrek en Kaaitjie alleen in ’n vreemde wêreld agtergelaat.

Die arme meisie – geen ander woord het haar beter gepas nie – het alleen gestaan in ’n wêreld waarvan sy niks geweet het nie. Dit het skoon en duur gelyk, maar die atmosfeer het haar gewaarsku.

Hoekom brand daai stokkies wat in ’n rou aartappel gesteek is en ’n rook afgee wat ruik of dit die kamer moet skoonmaak van een of ander ongesiende ding? Hoekom het die Miesies hierdie vrou, wat sy Motta noem, twee pond gegee en gesê dit is vir die haak? En hoekom is sy weg want ek het haar kar hoor wegtrek? Al hierdie gedagtes het deur Kaaitjie se kop gegaan.

Ek kan nie loop nie, het sy vir haarself gesê. Ek moet wag en kyk.

12.8 In watter ruimte bevind Kaaitjie haar in die uittreksel hierbo? (1)

12.9 Watter rol speel die ruimte in die uittreksel hierbo in Kaaitjie se ontwikkeling

Kopiereg voorbehou 

van ’n hartseer, bang jongvrou tot ’n vreeslose jongvrou? (1)

12.10 Wat is die verhouding tussen Kaaitjie en Mevrou Bosman? (1)

12.11 Hoekom het Mevrou Bosman se aandeel aan Kaaitjie se hartseer enige moontlike versoening benadeel? (1)

12.12 Waaroor ervaar Mevrou Bosman baie innerlike konflik voor die besoek aan Motta Fatima? Sê hoe sy die konflik probeer oplos het. (2)

12.13 Mevrou Bosman en Motta Fatima verskil van mekaar ten opsigte van hul sosiale agtergrond.

Haal ’n frase uit die teks aan om hierdie verskil aan te toon. (1)

12.14 Sê of die verandering in Kaaitjie geloofwaardig OF ongeloofwaardig is. Motiveer jou antwoord. (3)

12.15 Hoekom is Motta Fatima nie vir Kaaitjie se dood verantwoordelik nie? (1)

12.16 Hoe het Kaaitjie se nagedagtenis op Vatmaar bly voortbestaan? (1)

12.17 Gee die stemming wat in reël 15–20 heers. (1)

12.18 Watter ander tema behalwe stereotipering kom duidelik in hierdie uittreksel na vore? (1)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**EN**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag oor die dramateks wat julle in die klas behandel het.

### VRAAG 13: OPSTELVRAAG

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Konflik is ’n hoofelement van enige goeie drama.

Skryf ’n opstel van ongeveer 400–450 woorde waarin jy die konflik wat by Map voorkom, bespreek deur aandag te gee aan:

- Wat konflik in ’n drama is (2 feite)
- Hoe konflik by Map Jacobs voorkom (4 feite)
- Hoe Map se konflik sy verhouding met Antie Grootmeisie, mense van sy woongebied en Blanchie beïnvloed (6 gemotiveerde feite)
- Die geloofwaardigheid van die afloop van die konflik (2 gemotiveerde feite)
- Watter raad jy aan Map sou gee om sy konflik op te los (1 gemotiveerde feit) **[25]**

**OF**

### VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Lees die teks hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

| | |
|---|---|
| TOMMY: | Moet nou nie mean wies nie, man … ’is nie onse biesagheit nie … |
| CYRIL: | Aag, Tommy, jou ou skinnerbek! Come off it, man! *(Lag.)* ’Is like nie jou biesagheit nie, imagine! |
| RICHIE: | Maar daai’s nou nie nodig nie, man … Los ’it af … |
| CYRIL: | What for? |
| TOMMY: | Los ’it af, ja … Ek sê weer, ’is nie ons biesagheit ... |
| CYRIL: | Aag, ou Tommy, man, moenie vi’ my daai kom sell van dis nie jou biesagheit nie … Shit, man, daai ou dêrre van Blanchie, ou blêrie haitie-taitie vrek van ’n Cavernelis, hy úse vir haar, man … hy use sy eie vlees en bloed so, man, hy’s ’n … Ek het niks tien Blanchie selwers nie … |
| RICHIE: | Ôrait, ôrait … |
| CYRIL: | Nou wat is jy nou so touchy?! |

| | |
|---|---|
| TOMMY: | Okay, cool ’it … |
| CYRIL: | *(aan Tommy):* Wat dink jy gaat Map kom doen as hy yt is, en hy vinne yt, van Blanchie ek mien, en hoe ou Cavernelis vir haar use, hê? |

14.1 Na watter *biesagheit* verwys Tommy in reël 1–2? (1)

14.2 Hoekom noem Cyril vir Tommy ’n *skinnerbek*? (1)

14.3 Gee TWEE redes uit reël 4 as bewys dat die leser weet Cyril bedoel nie wat hy sê nie. (2)

14.4 Hoe verskil Cyril se handeling en dialoog van Richie en Tommy s’n soos dit uit hierdie teks blyk? (2)

14.5 Dink jy dat die gebruik van Standaardafrikaans in reël 10 tot 18 die karakters geloofwaardiger sou gemaak het? Motiveer jou antwoord. (3)

14.6 Cyril noem Cavernelis ’n *haitie-taitie vrek* in reël 12.

14.6.1 Wat suggereer *haitie-taitie* omtrent Cavernelis se karakter? (1)

14.6.2 Waarom het Cavernelis so spaarsamig en oënskynlik vrekkerig gelewe? (1)

14.7 Naamgewing kan bydra tot karakterbeelding.

Waarom word die karakter in reël 19 *Map* genoem en nie *Johnnie* nie? (2)

14.8 In watter ruimte (gebou) bevind Map hom en waarom is hy daar? (2)

14.9 Wat is die doel van dialoog in hierdie drama? (1)

**EN**

**TEKS 2**

| | |
|---|---|
| CAVERNELIS: | Dis hoekom ek en Maudie en Blanchie hierso wil weg! |
| LA GUMA: | Best of luck to you, mister Cavernelis. Jy maak geld om hierso yt te briek. Best of luck. Maar ’is ’n sterk tronk dié. Kyk, die tralies! *(Hy trek regaf strepe in die lug, met albei hande, en wys na die geboue in die omgewing.)* |
| CAVERNELIS: | Anyway, dis hoekom ons seker nie nou gaan worry met ’n shower in die huis nie, mister La Guma. Dis ’n onnodige uitgawe, op ’n huurhuis. |
| LA GUMA: | *(luister nie):* ’n Sterk tronk, sê ek … |
| CAVERNELIS: | *(plaas die tou in La Guma se hande terug, maar dié let dit skaars op)*: Ja … |
| LA GUMA: | Nou is Map Jacobs ook terug … *Cavernelis sê niks.* |
| LA GUMA: | Yt die tronk yt. Terug, hiérnatoe. Kan jy dit vir jou imagine? Hiérnatoe? |

| | |
|---|---|
| | *Cavernelis sê niks.* |
| LA GUMA: | Kamma yt die tronk yt. Na dit toe. *(Hy wys, bars dan uit van die lag.)* |

14.10 Cavernelis praat van *hierso* in reël 1 en La Guma noem dié plek ’n *tronk* (in reël 5).

14.10.1 Lees die stelling hierbo en sê wat die sosio-politieke agtergrond is waarteen die drama afspeel. (1)

14.10.2 Wat bedoel La Guma as hy dié plek (reël 5) ’n *tronk* noem? (1)

14.11 Waarom vind jy La Guma se handeling in die toneelaanwysings in reël 5–6 noodsaaklik? (1)

14.12 Bestudeer reël 7–17. Haal die spreekbeurt aan wat die tema van die drama die beste weergee. (1)

14.13 *Nou is Map Jacobs ook terug …* (reël 13)

Dink jy dat Map se lewe, ná die sewe jaar in die tronk, positief of negatief gaan wees? Motiveer jou antwoord. (2)

14.14 Verklaar die ironie wat voorkom in La Guma se woorde in reël 15–16 en verduidelik hoe dié ironie teen die einde van die drama steeds vir Map én Cavernelis geld. (3)
**[25]**

**OF**

## VRAAG 15: OPSTELVRAAG

### *MIS* – Reza de Wet

Konflik is ’n hoofelement van enige goeie drama.

Skryf ’n opstel van ongeveer 400–450 woorde waarin jy die konflik wat by Meisie voorkom, bespreek deur aandag te gee aan:

- Wat konflik in ’n drama is (2 feite)
- Hoe konflik by Meisie voorkom (4 feite)
- Hoe Meisie se konflik haar verhouding met haar pa, haar ma en die konstabel beïnvloed (6 gemotiveerde feite)
- Die geloofwaardigheid van die afloop van die konflik (2 gemotiveerde feite)
- Watter raad jy aan Meisie sou gee om haar konflik op te los (1 gemotiveerde feit) **[25]**

**OF**

## VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

### *MIS* – Reza de Wet

Lees die uittreksel hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

MIEM: Ja-nee. Vannag moet 'n mens jou ore oophou. En jou oë. Die gevaar is oral. *(Skud haar kop en sug diep. Werk dan verder. Na 'n stilte)* Daar is mense wat sê dat dit iets ... bonatuurliks is.

MEISIE: *(bang)* Hoe meen Ma nou?

MIEM: *(onheilspellend)* Iets ... onheiligs. Iets wat ronddwaal ... op soek na bevrediging ... van onaardse drange.

MEISIE: O, dis verskriklik.

MIEM: *(gerusstellend)* Maar toe maar, my kind. Die dominee en al die ouderlinge bid die hele nag. Ag nee, nou het dit weer uitgegly. Sit tog vir my die garing deur, my kind. *(Hou die naald na MEISIE uit)* Al is die gat groot, sien ek maar sleg.

*MEISIE staan op en beweeg na die lamp op die wastafel om beter te sien.*

MIEM: *(sien skielik dat MEISIE by die venster uitloer)* En vir wat loer jy deur die gordyne!

MEISIE: *(vinnig)* Ek kyk net na die liggies.

MIEM: *(staan op. Kwaai)* Liggies!

16.1 Gee die presiese datum van *vannag* (reël 1) en sê in watter ruimte (gebou) hierdie gesprek tussen Miem en Meisie plaasvind. (2)

16.2 *Die gevaar is oral* (reël 2).

Na watter *gevaar* verwys Miem? (1)

16.3 Naamgewing kan bydra tot karakterbeelding.

Gee TWEE redes waarom Meisie in dié drama nie op haar doopnaam aangespreek word nie. (2)

16.4 Hoe dui Miem se dialoog in reël 12 vooruit na die slot van die drama? (1)

16.5 Lees die toneelaanwysings en dialoog in reël 15–18.

16.5.1 Wat is Miem se probleem met die sirkusliggies? (1)

16.5.2 Gee TWEE redes waarom Meisie so *vinnig* reageer. (2)

16.6 Lees reël 17 en 18. Verduidelik hoe *liggies* as simbool by die tema van die drama aansluit. (2)

16.7 Wat is die doel van dialoog in hierdie drama? (1)

**EN**

**TEKS 2**

*Die agterdeur gaan oop. GERTIE verskyn. Haar bloes is weer netjies toegeknoop en haar hare is ietwat onnet op haar kop vasgesteek. Die sirkusmusiek kan gehoor word.*

MIEM: Gertie, vir wat dwaal jy daar buite rond? Jy besef tog die gevaar.

GERTIE: *(effens verbouereerd)* Oefening en koue, vars lug ... bevorder 'n goeie nagrus.

MIEM: En maak toe die deur!

GERTIE: Jammer, Miem. *(Maak die deur toe)*

*Die sirkusmusiek word nie meer gehoor nie.*

MIEM: *(staan swaar op)* Nou ja, dan gaan kruip ek maar in.

GERTIE: Ek ook.

MIEM: Ek moet vroeg op. Die besending mis word sewe-uur gelaai.

GERTIE: Die skoolklok lui al kwart voor agt.

*Honde wat blaf.*

MIEM: Hoor net. Dis die polisiehonde wat so blaf.

GERTIE: Die dorp word goed beskerm. *(Kyk skaam na die KONSTABEL)* Ek is seker daar sal dié keer niks gebeur nie.

MIEM: Ek weet nie, Gertie. Ek ... het so 'n aardige gevoel. Maar

| | |
|---|---|
| 21 | wag, ek wil nie spoke opjaag nie. |

16.8 Waarom is dit noodsaaklik dat die toneelaanwysings (reël 1–3) ten opsigte van Gertie se klere en hare gegee word? (1)

16.9 Dui die ironie aan wat voorkom in Miem se woorde in reël 4–5 en verduidelik hoe dié ironie vir Miem én Meisie teen die einde van die drama beïnvloed. (3)

16.10 Verduidelik waarom dit vir jou geloofwaardig/ongeloofwaardig is dat Gertie hiér so verskonend teenoor Miem optree (reël 9). (3)

16.11 Haal die woord aan wat die leser bewus maak van die vryheid waarna Meisie so smag. (1)

16.12 Die verwysing na *mis* (reël 13) is hier opvallend.

16.12.1 Hoe beïnvloed hierdie *mis* Meisie se bestaan? (1)

16.12.2 Wat is die rede vir Miem en Meisie se betrokkenheid by *mis*? (1)

16.13 Waarom is Gertie se positiwiteit jeens die konstabel (reël 18–19) onvanpas? (1)

16.14 Dink jy dat Miem 'n verstandige ma vir haar kind was? Motiveer jou antwoord met verwysing na die drama in sy geheel. (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou